

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
13 November 1977

Onderwerp: Liefde in die kerk
Lees: Openbaring 2 verse 1 tot 7
Teks: Openbaring 2 verse 4 en 5
Sing: Psalm 118 verse 1 en 2
Gesang 118 vers 4

“Wanneer ons die eerste paar verse van ons teksgedeelte lees, kry mens ’n besondere gunstige indruk van die gemeente van Efese. Hierdie gemeente was só gereformeerd as wat kan kom. Dit wil sê hulle het gestaan en geval by die suiwerheid van leer en die regsinnigheid van hulle voorgangers.

“Die HERE God het hulle krediet gegee dat hulle slegte mense nie kon verdra nie; en dat hulle die valse leraars beproef het en as leuenaars bevind het. Ook uit die feit dat dié gemeente die werke van die Nikolaïete gehaat het, wat God ook gehaat het, blyk dit dat die gemeente ernstig was met die suiwer belydenis.

“Hierdie Nikolaïete, wat seksuele losbandigheid bedryf het, was waarskynlik dieselfde as die valse apostels in vers 2. Hulle het dus hulle Christelike vryhede misbruik.

“Dit is opvallend dat die Efésiërs die werke van die Nikolaïete gehaat het, maar nie hulle as persone nie. Hulle het dus onderskei tussen sondes wat gehaat moes word en die sondaar wat altyd die voorwerp van liefde en bemoeienis moes bly. Hierdie gemeente was dus regsinnig. Hulle het die suiwer belydenis van groot betekenis geag. Efese was ’n kerk wat nog ‘Nee’ kon sê.

“Die kerk wat nie suiwer staan in sy belydenis nie, wat valse apostels en leringe toelaat, kan nouliks ’n ware kerk wees.

“Maar ...

“Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het.’ (Openb 2:4) O, die Goddelike ‘maar’ wat ons telkens soos ’n weerligstraal tref. Efese jy is ’n gemeente met ’n pragtige belydenis, MAAR ... jy het jou eerste liefde verlaat.

“Ja, die liefde kom eerste. Daar is groot dinge in die lewe: geloof en hoop, maar die liefde is die grootste. Die eerste van al die gebooië is om God lief te hê bo

alles en die tweede, wat hiermee gelykstaan, is om jou medemens lief te hê soos jouself.

“Daar was in Efese, soos deur al die eeue in die kerk, mense wat geoordeel het dat hulle ’n goddelose en ondankbare lewe kon lei, solank hulle ’n sekere regsinnigheid van belydenis gehandhaaf het.

“Broers en Susters, wanneer die liefde nie gloei agter al ons ywer, al ons suiwerheid van leer en onbesproke lewenswandel nie, dan het ons “n klinkende metaal of ’n luidende simbaal geword.’ (1 Kor 13:1)

“Liefde is ’n woord wat reeds in die Ou Testament aangetref word, maar dit was Jesus Christus wat dit tot alles oorheersende tema van die ware lewe verhef het. Wie hierin faal het in sy ganse lewe gefaal. Die hele wet word vervul in: ‘Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooi hang die hele wet en die profete.’ (Matt 22:37-40) Dit is aan die liefde dat mense weet of ons dissipels van Jesus is.

“’n Kerk kan die beste belydenisskrifte besit en die mooiste liturgie, maar as die liefde ontbreek, dan baat dit alles niks nie. By die regte leer moet ook die regte daad wees, dit wil sê die liefdesdaad. God se Woord sê die liefde is die eerste. Daarom kom die oproep hier: ‘Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke.’ (Openb 2:5)

“‘Anders ...’

“Die mees onverwagte gebeur hier. Allereers word hierdie kerk opgeroep tot bekering. Daarna word ’n ernstige waarskuwing gerig: ‘Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie.’ (Openb 2:5)

“Kan ’n gemeente, kerklidmate en Christene dan opgeroep word tot bekering? Is dit dan nie iets wat in die sendingveld tuis hoort nie en nie in ’n gemeente nie?

“Ja, Broers en Susters, dit staan hier so klinkklaar. Efese, die kerk van Jesus Christus, moes haar bekeer. En bekering beteken om van denke en koers te verander; om anders te dink oor sake en om ’n nuwe rigting in te slaan. Bekering beteken om liefde sentraal te stel in jou lewe. Bekering beteken om nie te volstaan met die tweede werke nie, maar ook die eerste werke te doen. Dit is ook moontlik om mekaar oor en weer te kritiseer sonder dat daar bekering en ware berou is.

“Efese bekeer jou: ‘Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder’.

“Het Jesus dan nie aan Petrus gesê dat die poorte van die doderyk sy Kerk nie sal oorweldig nie? (Matt 16:18) En het Hy nie belowe dat die Heilige Gees by sy Kerk sal bly tot in Ewigheid nie? (Joh 14:16) Hoe is dit dan moontlik dat ’n kerk moet hoor dat sy kan verdwyn, wanneer die liefde, die eerste, verdwyn?

“Dit is moontlik omdat die beloftewoord van Jesus geld vir die Kerk in die algemeen en nie vir elke plaaslike kerk nie. Dit wil sê daar sal altyd iewers op aarde ’n Kerk wees, maar dit neem nie weg dat talle plaaslike gemeentes as gevolg van hul liefdeloosheid kan verdwyn nie. Jesus het nêrens belowe dat Hy die gemeente van Efese tot in alle Ewigheid sal bewaar nie, selfs nie al die gemeentes in Klein Asië wat Paulus met sy bloed gestig het nie. Jesus het nêrens belowe dat die gemeente van Vredendal Wes vir altyd sal bestaan nie. Wat bepalend is vir die voortbestaan van ’n kerk in ’n bepaalde gebied is die vraag of die liefde nog eerste is: die liefde tot God en die liefde tot die medemens.

“Wat het in Efese gebeur? Efese het verslap in die liefde. Waar eenmaal ’n bloeiende gemeente was, waar die Apostel Johannes die pragevangelië geskryf het en waar die skone briewe van Paulus aan die Efésiërs gelees is, is daar vandag geen gemeente nie. Waar gepreek, gedoop en Nagmaal gevier is, is vandag net ruïnes. Die kandelaar is van sy plek verwyder. Die gemeente in Efese het tot in die vyfde eeu nog gegroei. Daarna het dit verdwyn. Die halfmaan van Mohammedanisme het die kruis van die Christendom verdring.

“Broers en Susters, wat sal van ons word as die Here Jesus by ons in Vredendal kerkvisitasie kom doen? Hy sal mooi dinge vind: leersuiwerheid, handhawing van belydenis, waaksaamheid teen valse apostels.

“Maar ...

“Sal God nie dalk teen ons hê dat ons die liefde, die eerste, verlaat het nie? Sal Hy ons nie dalk toeroep nie: ‘... bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder’.

“Broers en Susters, God lewer nie kritiek soos ons mense, of soos die buiteland op Suid-Afrika nie. Nee, die HERE noem ook die positiewe. Hy stel die waarderende voorop, maar dan sny sy ontleedmes diep en oop: Is daar nog liefde vir mekaar? Het die

egoïsme nie oorgeneem nie? Is daar nog liefde vir die medemens in sy nood, wie en wat hy ookal mag wees?

“Jesus Christus het ’n liefdesmaal ingestel om ons voortdurend te herinner aan die offer van die liefde. Ons noem dit Nagmaal. Dit herinner ons: ‘Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.’ (Joh 3:16) “n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê, soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê.’ (Joh 13:34)

“Mag die groot liefde van Jesus ook in ons lewens oorvonk en ons aanvuur om nooit die liefde, die eerste, te verlaat nie, maar dit steeds blymoedig uit te lewe.

“Amen.”

Kommentaar:

Dominee Bester verwys in hierdie preek na die Gereformeerde leer. Dit is nie maar net nóg een van vele Christenstrominge nie. Die Gereformeerde erfenis kom uit die Hervorming toe ware gelowiges op grond van die ware Bybel standpunt téén Roomse afwyking ingeneem het. Die basis daarvan is die ware Bybel wat die enigste onfeilbare riglyn in hierdie wêreld is. Die Gereformeerde leer is nie deur Martin Luther, of Johannes Calvyn, of enige ander mense geformuleer nie. Hulle bydraes was slegs: Terug na die Bybel. *Sola Scriptura*. Niks meer nie en niks minder nie. Die Gereformeerde leer en erfenis is nie gebaseer op mense wat menslike oorwegings in die plek van die HERE se bepalings wil stel nie. Dit kyk prinsipieel verby menslike verskille en interpretasies en vra altyd: Wat sê die Woord van God, Die Bybel?

En wat is die Woord van God? Hoekom het dit onfeilbare en finale gesag? In Jesaja 55 verse 8 tot 11 is geskryf:

“Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes. Want soos die reën en die sneeu van die hemel neerdaal en daarheen nie terugkeer nie, maar die aarde deurvogtig en maak dat dit voortbring en uitspruit en saad gee aan die saaiers en brood aan die eter; so sal my woord wees wat

uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur.”

As jy nog verdere versekering nodig het, gaan bestudeer die profesië in die Bybel; en hoe hulle reeds vervul is en in vervulling gaan. Dan sal jy verstaan as God sê:

“... so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur.”

